



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528

Hatfield 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

MEDIAVERKLARING: MODERAMEN

18 November 2015

Die Moderamen van die Algemene Sinode het van 16-18 November 2015 in Kemptonpark vergader. Die vergadering het in 'n positiewe gees en 'n goeie gesindheid plaasgevind. Daar was hoofsaaklik twee sake op die agenda. Eerstens is onderskeidend gedink oor God se roeping vir die kerk in 2016. Twee prioriteite is geïdentifiseer:

- Die gestuurdheid van gelowiges na die wêreld.
- Die onderlinge verbondenheid van gelowiges aan mekaar.

Die Moderamen het hierdie prioriteite passievol omhels en is oortuig daarvan dat hierdie fokus nuwe hoop sal bring vir ons land en sy mense. Elke sinode en kerklike struktuur sal betrek word by dié hoopgewende beweging. Ons is vas oortuig daarvan dat God, deur die bring en die leef van die evangelie, 'n nuwe toekoms wil ontsluit vir ons land.

Die tweede saak wat ons aandag geverg het, was die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings. Ons is intens bewus van die diep emosies wat hierdie besluit by gelowiges ontlok het.

Lidmate van die kerk het egter teen die besluit van die Sinode appelleer. Die Moderamen het hieroor advies ingewin by verskeie regsadviseurs. Die gemenerereg vereis dat:

- Reeds die kennisgewing van 'n appèl die uitvoering van die besluit opskort. Die besluit is dus nie opgehef nie, maar kan nie tot en met die afhandeling van die appèlprosedure uitgevoer word nie.
- In terme van die kerk se eie ordereëlings kan slegs die volgende gewone Algemene Sinode die appèlle hanteer.
- Die implikasie hiervan is dat hierdie saak, hangende die hantering van die appèlle, nie verder op Algemene Sinodale vlak gedebatteer kan word nie. Dit kan egter op gemeentelike, ring en sinodale vlak verder bespreek en hanteer word.

Die Moderamen doen 'n beroep op gemeentes, ringe en sinodes om veilige en oop ruimtes te skep en verder gesprek te voer oor die aangeleentheid. Die geleentheid moet benut word om deeglik te besin oor die korrekte hantering van die Skrif, studie te doen van vorige besluite van die Algemene Sinode en ander relevante literatuur.

Die Moderamen is besorg oor die effek van hierdie impasse op lidmate met homoseksuele oriëntasie en hulle families en vriende. Ons roep gemeentes, ringe en sinodes op om met deernis en liefde met hierdie persone in gesprek te tree en hulle in te sluit in die warmte van ons kerklike huis.

Die Moderamen is ook besorg oor die lidmate wat met groot weerstand reageer het op die Sinode se besluite. Ons versoek hierdie gelowiges om die kerklike weë te benut om hulle standpunte te stel. Ons glo dat ons altyd almal se deelname aan gesprekke soos hierdie nodig het om uiteindelik die waarheid te onderskei.

Ons het goed nagedink oor die Skrif se oproep tot liefde en eensgesindheid.

Filippense 2:2 het onder meer tot ons gespreek: “Maak nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.”

Ons is verbind tot die eenheid van die kerk. Ons is verbind om met liefde God te verheerlik. Daryl Guder sê:

“Disagreeing Christianly is one of the most powerful forms of incarnational witness the church can practice.” (*The Continuous Conversion of the Church*). Mag dit ook nou, waar ons intense verskille beleef, die krag van ons getuigenis wees!

Namens Moderamen

Ds Nelis Janse van Rensburg
Voorsitter